Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V3

## NOVEMBER 2019

**PUNTE: 100**

**TYD: 2½ uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 6 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings.

| | | |
|---|---|---|
| AFDELING A: | Opstel | (50) |
| AFDELING B: | Lang transaksionele teks | (30) |
| AFDELING C: | Kort transaksionele teks | (20) |

2. Beantwoord EEN vraag in ELKE afdeling.

3. Skryf in die taal wat geassesseer word.

4. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.

5. Jy moet jou skryfstukke beplan, redigeer en proeflees. Gebruik byvoorbeeld 'n kopkaart of 'n vloeidiagram of sleutelwoorde, ens. Doen die beplanning VOORDAT jy die finale produk vir elke afdeling skryf.

6. Alle beplanning moet duidelik aangedui en ingelewer word. Daar word aanbeveel dat jy 'n streep deur alle beplanning trek.

7. Beplan jou tyd só:

| | |
|---|---|
| AFDELING A: | 80 minute |
| AFDELING B: | 40 minute |
| AFDELING C: | 30 minute |

ÉcoleBooks

8. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

9. Skryf die titel/opskrif boaan elke skryfstuk.

10. Die titel word NIE in aanmerking geneem wanneer die woorde getel word NIE.

11. Skryf netjies en leesbaar.



DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM


**AFDELING A: OPSTEL**

**VRAAG 1**

- Skryf 'n opstel van 250–300 woorde oor EEN van die volgende onderwerpe.
- Skryf die nommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, boaan jou skryfstuk neer.

1.1 Dit was 'n wonderwerk **[50]**

1.2 My twee gunstelingfoto's **[50]**

1.3 Niks is meer privaat nie **[50]**

1.4 Sê jou klere wie jy is? **[50]**

1.5 Dankie! **[50]**

1.6 Kies EEN van die volgende prente en skryf 'n opstel daaroor. Skryf die vraagnommer (bv. 1.6.1) en die titel van jou opstel neer.

**LET WEL:** Daar moet 'n duidelike verband wees tussen die opstel en die prent wat jy gekies het.

1.6.1



[Bron:fr.pngtree.com] **[50]**

1.6.2



[Bron: Google images] **[50]**

1.6.3




[Bron: *RNEWS*] **[50]**

**TOTAAL AFDELING A: 50**



DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM


## AFDELING B: LANG TRANSAKSIONELE TEKS

### VRAAG 2

- Kies EEN onderwerp en skryf 120–150 woorde daaroor.
- Skryf die nommer van die onderwerp wat jy kies, boaan jou skryfstuk neer.

2.1 **INFORMELE BRIEF**

Jou beste maat wil na matriek gaan werk in plaas van studeer.

Skryf 'n VRIENDSKAPLIKE BRIEF aan hierdie maat en vertel vir hom/haar wat jy daarvan dink. **[30]**

2.2 **CV EN DEKBRIEF**

Mnr. Paulus is die bestuurder van die Pik en Proe-restaurant. Hy adverteer 'n pos vir 'n leerling-sjef by die restaurant. Jou naam is Mpho Petersen en jy doen aansoek vir hierdie werk.

Gebruik jou CV hieronder en skryf 'n DEKBRIEF aan mnr. Paulus.

CV van Mpho Petersen

Volle naam en van: Mpho Petersen
ID-nommer: 990228 0023 085
Adres: Impalastraat 33, Musina
Kontaknommer: 072 123 4567
Belangstellings: Kosmaak en kyk graag na *Master Chef* op televisie
Hoogste graad geslaag: Graad 11
Vorige werksondervinding: Werk naweke en vakansies vir Sjef Sabrina
Referente: Mev. Erna Nel (selnommer: 071 876 5432)

**[30]**

2.3 **KOERANTBERIG**

Gebruik die opskrif hieronder en skryf 'n KOERANTBERIG wat in julle plaaslike koerant gepubliseer gaan word.

TIENER RED BABA UIT BRANDENDE HUIS **[30]**

2.4 **INFORMELE TOESPRAAK**

Die graad 11's het 'n spesiale ete vir die matriekgroep gereël om vir julle totsiens te sê. Jou matriekmaats vra vir jou om tydens hierdie ete 'n gepaste toespraak te lewer waarin jy die graad 11's bedank.

Skryf jou TOESPRAAK. **[30]**

**TOTAAL AFDELING B: 30**

## AFDELING C: KORT TRANSAKSIONELE TEKS

### VRAAG 3

- Kies EEN onderwerp en skryf 80–100 woorde daaroor.
- Skryf die nommer van die onderwerp wat jy kies, boaan jou skryfstuk neer.

3.1 **ADVERTENSIE**

Jou ouma maak die lekkerste vetkoeke en samoesas. Sy wil dit graag van haar huis af verkoop. Sy vra vir jou om 'n advertensie te ontwerp om haar eetgoed te adverteer.

Ontwerp hierdie ADVERTENSIE. **[20]**

3.2 **DAGBOEKINSKRYWINGS**

Jy het by die plaaslike munisipaliteit om 'n studiebeurs aansoek gedoen. Hulle moet nou besluit of jy die beurs kan kry.

Maak die volgende TWEE DAGBOEKINSKRYWINGS:

- Die dag vóórdat hulle besluit of jy die beurs kan kry
- Die dag nádat hulle jou van hulle besluit laat weet het **[20]**

ÉcoleBooks

3.3 **RIGTINGAANWYSINGS**

Dit is oueraand by die skool. Jou ouers wil graag met jou Afrikaansonderwyser gaan praat. Hulle weet nie hoe om van die skoolhek af tot by die Afrikaansklas te kom nie.

Skryf SEWE RIGTINGAANWYSINGS puntsgewys en onder mekaar neer en verduidelik vir jou ouers hoe om van die skoolhek af tot by die Afrikaansklas te kom.

Onthou: Jy verduidelik **rigting op die skoolterrein** en NIE straatlangs NIE. **[20]**

**TOTAAL AFDELING C: 20**
**GROOTTOTAAL: 100**

Kopiereg voorbehou

DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM